

Republikein

Jou land. Jou taal. Jou koerant.

Witvlei-boere: Regstelsel faal ons Nuwe vlaag van vee- en wilddiewe

26 October 2021 | [Misdad](#)





- 1.
- 2.



Elvira Hattingh – Boere in die Witvlei-omgewing is opnuut moedeloos met 'n vlaag van vee- en wildmisdaad oor die afgelope maand, terwyl hulle sê die regstelsel misluk daarin om enige beskerming aan hulle of hul eiendom te bied.

Mnr. Jürgen Matthaai, voorsitter van die Nossob Misdaadvoorkomingsforum (NCPF), sê oor die afgelope drie tot vier weke is talle wild en veral beeste gesteel, met minstens ses Witvlei-boere wat verliese by die forum aangemeld het.

“Die diewe raak ook daaglik meer gesofistikeerd en betree nou boere se grond met perde. Andersins word gesteelde beeste met lorries weggery,” het Matthaai Donderdag aan Republikein gesê.

“Terselfdertyd word dieselfde vee- en wilddiewe herhaaldelik gevang en bloot weer op borgtog vrygelaat, ten spyte daarvan dat talle soortgelyke sake teen hulle hangend is. Die sake word net nooit afgehandel nie,” het 'n moedelse Matthaai gesê.

Hy sê boere in die omgewing vermoed 'n spesifieke verdagte, wat opnuut sowat 'n maand-en-'n-half gelede op borgtog vrygelaat is, sit agter die jongste vlaag van diefstal.

“Dis asof hulle wraak kom neem,” sê hy.

KOEI LEWEND OPGEVREET

Matthaai het vertel veediewe het verlede naweek op mnr. Wilfried Pack, wat op die plaas Grünental by Witvlei boer, twee koeie in 'n manga ingejaag.

“Hulle moes gesteur gewees het terwyl hulle besig was om die eerste een se keel af te sny. Hulle het haar net so gelos en gevlug.

“Die koei se pote is deur die manga se pale getrek, sy kon nie loskom nie en die jakkalse het haar lewend begin vreet,” het Matthaai vertel. Plaaswerkers het eers verlede Maandag op dié toneel afgekom.

Matthaai sê tydens die misdaadvoorkomingsforum se patrollies het hulle verlede Dinsdag ook op 'n gestroopte waterbok agterop 'n voertuig afgekom. Twee verdagtes is toe in hegtenis geneem omdat hulle in die besit van beskermde wild was.

“Ons boere is moedeloos,” het Matthaei gesê. Hy het verwys na boere uit die Otjiwarongo-omgewing wat 'n petisie begin het teen die bied van borgtog aan gewoontemisdadigers as dit by vee- en wilddiefstal kom en dat die motors waarmee hulle die misdade pleeg, verbeurd verklaar moet word.”

Nog twee Witvlei-boere wat deurgeloop het, sluit in mnr. Elia Emvula van wie een vers geslag is, en mnr. Alfred Kamupingene wat vier verse vermis.

“Ek is só gefrustreerd, ek het moed opgegee,” sê Kamupingene, wie se tollie onlangs met 'n assegaai deur diewe vanaf 'n perd se rug gestee is.

Hy het vertel hy het in Desember twee polisiebeamptes na 'n toneel geneem waar een van sy verse geslag is, net om later uit te vind een van die polisiemanne was betrokke by die slagting van sy bees.

“Die karkas is in dié man se kar gevind.

“Die polisie is hopeloos. Ek het soveel verliese oor die jare gehad. Ek wou vir my familie sorg met die geld wat ek uit my vee verdien, maar iemand anders loop met my oes weg. As ek iemand op my plaas betrap wat vee steel, sal ék die een wees wat in die tronk moet slaap,” het hy gesê.

PERDE ORAL VERKRYGBAAR

Me. Ulrike Hart, by wie in die afgelope maand twee verse geslag en 'n gemsbok gestroop is, verduidelik die diewe beweeg met perde rond.

“Die perde loop vrylik op Witvlei rond. Dis dus maklik om enige perd te vat en jou plaas binne te kom. Jy hoor en sien dus niks, hulle knip die heinings, laai die geslagte of gestroopte dier op die perd en neem dit teerpad toe, van waar dit weggery word,” het sy gesê.

Hart, wat nou betrokke is by die forum vir misdaadbekamping, sê hoëprofiel-sakemanne is by die stelery in die gebied betrokke. “Die motiewe het dus niks met hongerte te doen nie.”

Sy is ook van mening hulle word deur die regstelsel gefaal.

“As jy op borgtog uit is en wéér 'n misdaad pleeg, moet dit nie opgeskort en jy in hegtenis geneem word nie? Dit gebeur nie!” het sy gesê.

Mnr. Thunis Cocklin, nog 'n Witvlei-boer, het ook tussen 24 September en 4 Oktober 16 beeste verloor. Hy sê dié saak word steeds ondersoek, maar sover vanjaar is reeds 41 van sy beeste gesteel.

“My mening is dat die justisie ons heeltemal in die steek laat,” sê hy.

Cocklin sê die afgelope twee tot drie jaar loop hulle veral erg onder die vee- en wilddiewe deur.

– elvira@republikein.com.na